Dagstuk – Week 17

Lees weer 1 Samuel 3: 1 – 11

Agtergrond: In die boodskap vandag is gevra: Het jy al die Here hoor praat? Het dit iets by jou wakker gemaak, 'n behoefte dalk? Die prediker het gesê hy het al reguit vir die Here gevra: "Praat net vandag, met 'n helder stem met my". Kan jy daarmee identifiseer, of was dit nog nooit jou behoefte nie?

Die boodskap het gegaan oor Samuel wat drie keer die stem gehoor het wat na hom roep, en telkens het hy opgestaan en na Eli gegaan. Eers na die derde keer het Eli besef dat dit die Here is wat vir Samuel roep. Verder is verduidelik dat die Here met verskillende mense op verskillende maniere kan "praat".

Bedink of bespreek:

- Wat is daar in hierdie bekende gebeure wat jou nog altyd getref het?
- In die preek is gesê: Om die praktyk van "experiencing Jesus" te verwesenlik, beteken dat daar eers ontslae geraak moet word van "religious clutter". Wat, voel jy, is die dinge waarvan jy eers ontslae moet raak – miskien dinge wat in die
- pad staan dat jy en die Here 'n ope gespreks-liefdesverhouding sal hê?

SUIDER-PAARL GEMEENTE

God praat met ons:

- Deur die natuur (eerste Bybel wat God self geskryf het).
- Deur die Bybel (die plek waar ek die suiwerste God se Woorde kan hoor. Veral in die Nuwe Testament waar ons Jesus duidelik kan hoor praat!
- Jesus sê baie dinge – ook vir my en jou – ook VANDAG! Kan jy iets noem?
- God praat deur ander gelowiges met jou - in geestelike opbouende gesprekke. Is daar iemand wat jy vertrou met wie jy dalk jou verhouding met die Here sou kon bespreek?
- God praat deur omstandighede.
- Hy kan met mense ook praat deur drome.
- Hy kan praat deur engele.
- Deur die Heilige Gees (wees versigtig vir die rol van jou eie gees, en wees altyd bereid dat mede-Christene jou mag kontroleer!)

Vraag: Sou jy/julle dalk in die volgende tye fyner kon luister na stemme / woorde / die Woord van die Here?
Gebed: Praat maar Here... ek gaan nou nog fyner luister... met my hart. Amen

Wees Anders... ...Want Jesus is Anders...